

Sing vooraf staande: Sien program vir Paasfees

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 146:1, 2, 3 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^oalleen bly wag.

Gebed

Skrifberyming 5-1:1, 2 (6:1, 2)

- 1 Oor die kruis neersinkend, bid Hy: / "Vader, ag vergeef hul dit,
want hul weer nie wat hul doen nie." / As Hy so sy bede bid,
dan weerklink daar, slag na slag, / hamerhoue van die wag.
- 2 Aan die moord'naar, haas verlore, / word die hoogste guns bewys:
Hede sal jul met My saam wees / in die vredesparadys."
Dan troos vrede^oin volle vloed / die verbryselde gemoed.

Skriflesing: Jesaja 53:1-3; Lukas 2:25-35; 23:35-43

Kernverse: Lukas 23:40-43

Maar die ander een het hom tereggewys en gesê: "Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man! In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade. Maar hierdie man het niks verkeerd gedoen nie." Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom."

Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

(Lukas 23:40-43 AFR83)

Tema: In sy swakheid is Jesus inderdaad ons Verlosser!

Geliefde kinders van God, hierdie gebeure op Golgota waarvan ons so pas gelees het, is inderdaad die vervulling van Jesaja en Simeon se woorde. Jesaja roep uit:

Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien?
(Jesaja 53:1 AFR83)

Aan die kruis het Jesus werklik sonder prag of skoonheid gehang. Bebloed, stukkend en uitgemergel, bespot en verag het Hy daar gehang. Wie sal ons glo as ons hulle vertel dat God juis deur hierdie oënskynlike swakheid van sy Seun mense van hulle sondes verlos? Ja, wie sal die mag van die Here

oor die sonde en die dood raaksien in hierdie Mens wat soos 'n uitgeskudde sak daar hang? Bitter weinig mense het dit gesien. Bitter weinig mense wil selfs vandag nog die heerlijkheid van die Vader en sy Seun in hierdie gebeure op Golgota sien. Trouens, meer en meer stemme skreeu al harder teen die wyse waarop God sondaars van hulle sondes verlos het. Dit word dan wreed en ongehoord genoem dat die hemelse Vader sy Seun laat doodmaak vir mense se sondes, so het bekende mense in ons eie land al gesê.

Die gryse ou Simeon het vir Maria en Josef gesê dat die Kindjie Jesus bestem is tot 'n teken wat weerspreek sal word. In Israel het dit gebeur al die dae van Jesus se lewe op aarde en veral toe Hy aan die kruis gehang het. Die Jode het Jesus daar aan die kruis as 'n swakkeling bestempel terwyl Hy die Messias en Verlosser is. Vandag is daar sogenaamde geleerde mense wat hierdie skelwoorde van die Jode verder voer. Volgens hulle is Jesus nie net 'n swakkeling nie, maar ook iemand wat 'n ongure lewe gelei het en geen wonders gedoen het nie. Hulle weerspreek Hom as teken van God se genade vir ons wanneer hulle sê dat Hy nie uit die dood opgestaan het nie, maar dat sy liggaam deur wildehonde opgevreet is.

En as Simeon sê dat Jesus bestem is tot 'n val en 'n opstanding van baie, sien ons dit juis in die gebeure by die tweede kruiswoord van Jesus. Vir baie daar op Golgota was Jesus die klein klippe waaroor hulle gestruikel het, ook vir een van die twee misdadigers wat saam met Hom gekruisig is. Vir sommige daar op Golgota was Jesus die Een deur Wie hulle opgehef is uit hulle ellende in die nuwe lewe in, ook vir die ander misdadiger wat saam met Hom gekruisig is. Vir die een misdadiger bly Jesus 'n teken van bespotting en hy sterf met laster op sy lippe. Vir die ander misdadiger is daar aan die einde van sy lewe ongekende genade by Christus en hy sterf met gelowige stilswye langs sy Verlosser. In Jesus Christus word die mensdom inderdaad in twee geskeur. Aan die een kant sien ons die selfvernietigende sonde, aan die ander kant sien ons die genade van geloof waarin Christus en God verheerlik word.

Broers, susters en kinders, die eerste misdadiger wat ons hier in Lukas 23 hoor praat, het gestruikel. Opgesweep deur die ander spotters wat onder op die grond gestaan het, het hy graag meegedoen:

Is jy dan nie die Christus nie? Red jousef en ons ook! (Lukas 23:39 AFR83)

Hierdie woorde skel hy ook omdat hy haat en woede het, want, so het hy geredeneer, as gevolg van Jesus se optrede teenoor die priesterhoofde is sy teregstelling vervroeg. Dit lyk vir hierdie moordenaar of dit Christus se skuld is dat sy lewe op hierdie dag al kortgeknip moet word.

Maar ons moet liewers nie die twee misdadigers met mekaar vergelyk nie en ons moet die tweede misdadiger ook nie ophemel nie. Die tweede misdadiger was uit homself nie beter as die ander een nie. Hulle is maar uit dieselfde lap geskeur. Al twee is misdadigers, al twee ondergaan dieselfde straf – kruisiging, al twee het Christus aanvanklik gespot en verag. Die tweede misdadiger is nie beter nie – hy is net begenadig. Hy het van God genade ontvang om in Christus te glo en in die nuwe lewe op te staan.

Die Heilige Gees vestig nou ons aandag op die onbeskryflike groot genade wat hierdie tweede misdadiger ontvang het. Te midde van al die gespot en geskel, waaraan hy ook aanvanklik deelgeneem het, en sonder dat enige mens wat daar gestaan het dit gesien het, het die Heilige Gees die wedergeboorte in hierdie man se hart bewerk, hom die geloof gegee en hy het hom bekeer. Deur die onsienlike genadewerk van Christus deur die Heilige Gees het hy stil begin word. Miskien het hy voor die kruisiging al van Jesus gehoor of Hom selfs gesien; ons weet nie.

Wat ons wel weet, is dat hy vir Jesus in hierdie benouende omstandighede leer ken het as iemand wat meer as 'n mens is. Hy het Jesus se profetiese woorde gehoor wat Hy aan die huilende vroue van Jerusalem gesê het. Hy het gesien dat Jesus geswyg het oor al die gespot en geskel wat teen

Hom geslinger is. Hy het nie een keer gehoor dat Jesus kla of kerm oor al die lyding nie. Hy het die bordjie bokant Jesus se kruis gelees:

Dit is die koning van die Jode. (Lukas 23:38 AFR83)

Hy het Jesus nie gehoor vloek toe die spykers sy hande en voete deurboor het nie. Inteendeel, hy het gehoor dat Jesus vir sy vyande bid. Met al hierdie dinge het die Heilige Gees die tweede misdadiger stilgemaak, sy hart geroer en sy geloofsoë oopgemaak.

In die laaste ure van sy verwoeste lewe word hy gegun om te sien – die Man wat deur ander mense verag word, wat soos 'n vervloekte aan 'n hout opgehang word, is die Christus. Jesus lyk swak en uitgemergel omdat Hy mishandel is. Maar met sy geloofsoë kyk hierdie misdadiger verby die oënskynlike swakheid en sien die Koning van die konings en die Here van die heersers. Die Heilige Gees laat hom sien dat hierdie man Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God. Omdat hy vir Jesus as die Christus mag herken, word hy ook gegun om sy eie lewe te beskou. En wat hy sien, laat hom in skaamte wegkrimp. Sy eie lewe is een groot vlek van elke denkbare sonde en hy ondergaan die regverdige straf daarvoor, maar Jesus is geheel en al onskuldig. Hy het niks verkeerd gedoen nie. Hierdie misdadiger kom tot die besef van sy eie sonde.

Dan draai hy sy kop, wat al klop van die pyn, om verby Jesus na die ander misdadiger te kyk en hy wys hom tereg:

Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man!
(Lukas 23:40 AFR83)

As daar dan geen geloof in en aanbidding van God is nie, moet daar tog ontsag vir God wees. Die eerste misdadiger het met sy gespot duidelik te kenne gegee dat hy nie ontsag vir God het nie. Deur die genadewerk van die Heilige Gees het die tweede misdadiger in die laaste ure van sy lewe koning geword oor sy eie sonde. Daarom wys hy die ander een tereg.

Geliefdes, baie maal hoor 'n mens gelowiges sê: Hoe durf ek iemand anders oor sy sonde tereg wys terwyl my eie lewe tot oorlopens toe vol sonde is? As jy dit van jouself vra, moet jy dit ook van hierdie misdadiger vra. Hoe durf hy die ander een tereg wys? Hy durf dit doen en hy moet dit doen, want opregte tereg wysing kom op uit 'n hart wat stukkend is van berou oor eie sonde en die geloof dat 'n mens deur Christus met God versoen word. Wie die genade van Christus gesmaak het en geproe het hoe soet die versoening met God is, sal nie wil sien dat 'n ander sondaar in die bitterheid van die sonde bly voortlewe nie.

Deur die genadewerk van die Gees het die tweede misdadiger berou oor sy sonde en het hy die geloof ontvang om te weet dat ook sy sonde deur Christus uitgewis word. Daarom durf ons hom nie verwyts as hy in die doodsnikke van sy lewe preek nie. Ons kan nie die mond van 'n sondaar wat ons tereg wys stilmaak nie, veral nie as hy deur God se genade in die hart gegryp is nie. Ons bind mos nie die Psalms toe nie, maar ons luister daarna al is hulle geskryf deur 'n mens wat bloed vergiet het en owerspel gepleeg het. Ons skeur ook nie Paulus se briewe uit die Bybel uit nie, maar ons luister na die vermanings daarin wat deur 'n mens geskryf is wat Stefanus se moord goedgekeur het en die kerk bloedig vervolgt het. Trouens, ons luister aandagtig na Dawid en Paulus, want ons hoor in hulle woorde die geklop van 'n gebroke hart wat volgemaak is met God se seën van sondevergifnis.

Geliefdes, 'n mens wys nie iemand vanuit die hoogte tereg nie. Hierdie misdadiger het ook nie uit die hoogte gepreek nie. Hy stel homself op gelyke voet met die ander een wanneer hy sê:

In ons geval is die straf regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade.
(Lukas 23:41 AFR83)

Eerlike en berouvolle skuldbelydenis en geloof in Jesus Christus is die rede waarom 'n gelowige 'n ander mens mag en moet tereg wys.

Dan kyk die misdadiger na Jesus en vervolg met 'n smeekgebed:

Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom. (Lukas 23:42 AFR83)

Uit hierdie gebed straal vernedering en geloof. Die misdadiger is nederig. Hy vra nie om van die kruis en hierdie vreeslike dood verlos te word nie, want dit is sy verdiende straf. Hy vra nie om in die koninkryk van Jesus in te kom nie, maar net dat Jesus aan hom sal dink.

Ons sien ook die helder strale van sy volharding in die geloof in hierdie laaste ure. Daar is vier eienskappe van die geloof wat in hierdie man tot stand gekom het en waarin hy ook volhard het. Die Heilige Gees vestig ons aandag op elkeen van hierdie eienskappe.

Ten eerste sien ons dat hy gelowig en vol berou sy skuld bely: Ons straf is regverdig, want **ons ontvang die verdiende straf vir ons dade** (Lukas 23:41 AFR83). 'n Ware gelowige steek niks van sy sonde en skuld weg nie maar aanvaar die gevolge van sy oortreding. In sy tereg wysing hoor ons ook dat hy van harte berou het oor sy dade. Die straf wat hy ondergaan is die regverdige oordeel, nie net van die menslike regter nie, maar ook van God wat volmaak regverdig is. Daarom soek hy nie in die eerste plek om vry te kom van hierdie regverdige oordeel nie, maar hy buig berouvol onder die regverdige oordeel van God. Met 'n bewende hart betuig die gelowige: Die tug wat ek ontvang, verdien ek oor my dade.

Volhard ons in die geloof met berou oor ons sonde? Onthou, moord is nie erger as lieg nie. Dit is oortredings van een wet – die wet van ons regverdige God. Dra ons die tug oor ons sonde met blymoedige nederigheid omdat ons weet dat dit uit die hand van ons hemelse Vader kom wat ons liefhet?

Ten tweede, sien ons dat volharding in die geloof ook beteken dat 'n mens met vertroue bly glo. 'n Mens kan eintlik van naakte geloof praat. Hierdie misdadiger het net vir Christus aan sy sy op wie hy kan steun vir sy verlossing. In die laaste oomblikke van sy lewe, reeds sterwende, kom hierdie misdadiger tot geloof. Daar is nie vir hom meer geleentheid om nog die een of ander goeie werk te doen wat hy kan opnoem sodat God hom moet aanvaar nie. Hy kan nie eers vergifnis gaan vra vir die mense wat skade deur hom gely het nie. Hy kan nie eers dank en lof aan Christus bring deur armes en swakkes te help nie. Hy kan nie meer Bybel gaan lees en saam met ander gelowiges gaan bid nie. Al wat hy kon doen, het hy gedoen. Hy het sy skuld bely. Hy het sy geloof bely. Alles in een kort gebed. Geliefdes, as daar iemand was wat duidelik met leë hande die ewigheid binnegegaan het, sonder om een goeie werk op te noem, is dit hierdie gelowige misdadiger. Hy het vir Jesus alleen en dit is genoeg.

Is vertroue net op Christus ook 'n eienskap in ons geloof? Is Jesus Christus jou enigste en volmaakte Verlosser in Wie se hande jy jou lewe toevertrou? Of skraap ons nog ons sogenaamde goeie lewe nader omdat ons dink dit sal ons die ewige lewe laat beërwe?

Ten derde sien ons ook dat sy geloof beproef is. Hierdie misdadiger het sy lewe met vertroue in die hande van Jesus gelê. En hy het vrede gevind in die trooswoorde wat Jesus hom toegevoeg het. Maar binne enkele ure is sy geloof tot in sy fondament geskud. Koning Jesus wat oor die paradys beskik, het in sy pyn uitgeroep:

Ek is dors. (Johannes 19:28 AFR83)

En nie lank daarna nie, het hy Jesus die ontsettende woorde hoor sê:

My God, my God, waarom het U My verlaat? (Matteus 27:46b AFR83)

Wie is in staat om deur so 'n beproewing nog steeds te glo dat Jesus die Verlosser is? Net die mens wat uit die hand van die Heilige Gees die ware geloof ontvang het om te weet en te vertrou dat Jesus Christus die Seun van God is wat gekom het om vir sy sonde te ly en te sterf.

As ons geloof beproef word, wat doen ons? Vertrou ons steeds dat Christus ons Verlosser is? Weet en vertrou ons steeds dat Christus waarlik die Seun van God is wat gesterf en opgestaan het, al raak geleerde mense allerhande onsin kwyt? Ja, ons sal nie bo ons kragte beproef word nie. Die Heilige Gees skenk ons juis die krag van Christus met die Woord van God om te midde van die beproewing in die geloof te volhard.

In die vierde plek was hierdie misdadiger se geloof biddende geloof:

Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom. (Lukas 23:42 AFR83)

Hierdie man het diep geval, maar sy val het in sy sterwensure op sy knieë geëindig – geëindig in gebed. En in die gebed beroep hy hom alleen op die genade – die genade van Hom wat die sondes met die krag van sy bloed wegvee. Hier moet ons aandagtig luister, geliefdes. Niemand word aangespoor om sy bekering uit te stel nie. Sterwensbed-bekering is nie die reël nie. Ons kan nie maar sorgeloos in ons lewe aangaan en dink ons sal eers op ons sterfbed ons saak met God regmaak nie. In die hele Bybel is hierdie misdadiger die enigste een wat in sy sterwensure tot bekering gekom het. Net hierdie een voorbeeld gee die Here ons sodat niemand in sy laaste ure sou wanhoop nie.

Die mens wat egter soos 'n duiwel wil leef, maar soos 'n engel wil sterf, misbruik die genade van die Here en maak daarvan 'n goedkoop genade. Wie egter die genade van die Here eerbiedig, soek die Here terwyl Hy te vinde is en roep Hom aan terwyl Hy naby is. Dag na dag bid so 'n mens: Here, dink aan my. En hy ervaar in sy hart dat die Here se dink aan hom vrede bring, baie meer as waaraan hy gedink of waarvoor hy gevra het.

Hierdie misdadiger, 'n mens, het gebid, en Jesus verhoor hom as God. Ons bid maar om een druppeltjie, maar ons ontvang 'n stroom van sy liefde. Die misdadiger vra: Dink aan my. Jesus antwoord:

Ek verseker jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees.
(Lukas 23:43 AFR83)

Net 'n gedagte word gevra, maar Jesus skenk die paradys. Net 'n gedagte iewers in die toekoms word gevra, maar die paradys word vandag reeds belowe.

Geliefdes, hierdie woorde van Jesus is troos vir elke sterwende wat saam met hierdie misdadiger in die ware geloof deel. Die plek waar die misdadiger saam met Jesus sal wees – die paradys – wek eers hartseer herinneringe by ons. Ons het die paradys ver agter ons. Ons sondes het ons uit die paradys verdryf. Maar wie in Christus glo, het nie net 'n paradys ver in die verlede nie. Die paradys lê ook in die toekoms. Daar sal ons ewige vrede en vreugde saam met God hê en nooit meer sonde en die gevolge van sonde nie.

Maar dit is nie net die paradys wat vir ons in die toekoms is nie. Die paradys sonder Christus sal vir ons glad nie 'n paradys wees nie. Daarom voeg Jesus by: **jy sal saam met My in die paradys wees** (Lukas 23:43 AFR83). Om in die paradys in te gaan, is salig. Om saam met Christus in die paradys in te gaan, is 'n saligheid waarvan ons die grootheid nie nou al sal kan begryp nie.

En die misdadiger hoor: **Vandag sal jy saam met My in die paradys wees** (Lukas 23:43 AFR83). In ons sterwensuur sink ons nie in 'n toestand van bewusteloosheid en stilte in nie. Na ons dood word

ons afgesny van die gemeenskap met dié wat in hierdie lewe agterbly, maar ons gemeenskap met die gelowiges wat reeds gesterf het en veral met God gaan voort. Wanneer ons sterf hoef ons nie vir jare of maande op 'n plek te wag voordat ons in die paradys kan kom nie. Vir die sterwende gelowige antwoord Jesus:

Vandag sal jy saam met My in die paradys wees. (Lukas 23:43 AFR83)

Op hierdie genade het die misdadiger aan die kruis geen woord te sê nie. Die genade is so groot dat 'n mens niks kan sê nie; jy kan alleen maar swyg. So wil ons ook swyg, dankbaar swyg, gelowig swyg, en Hom in ons stilswye aanbid en verheerlik. En wanneer die ongeloof van sogenaamde geleerdes ons van die spoor wil druk, wanneer mense sê: Maar waar is die Here se mag in die gebeure op Golgota? Dan soek ons ons steun in die woorde van ons Verlosser: **Voorwaar, Ek sê vir jou.** Al lyk Jesus swak, Hy is en bly altyd ons Verlosser!

Amen!

Gebed

Slotpsalm 84:1, 4, 5 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange. My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan: geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskaare, let op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie. Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!
- 5 O God, ons skild, ons teëweer, / sien tog op u gesalfde neer, skenk hulp en heil aan Sions koning! / Een dag is in u huis my meer as duisend waar ek U ontbeer; / veel liever is ek in u woning 'n drumpelwagter, as gewend / aan yd'le vreugde in sondaarstent.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
29 Maart 2013
Goeie Vrydag